## Boodskap vir Sondag 6 September 2020

Gegroet vanuit die pastorie; Sondag is daar erediens gewone tyd en steeds moet elkeen gemasker wees. Hierdie boodskap bied die meer teoretiese onderbou van die preek Sondag wat meer prakties sal wees, terwyl die nabetragting verdere nadenke en toepassings sal bied.

Navorsers in sosiologie het via die hulp van digitaliteit programmatuur geskryf waar vanuit dieselfde parameters (dit is dieselfde stel wegspring-reëls) twee groepe drifte losgelaat word in outo-ontwikkeling. Die een drif was waar onderlinge assosiasies wantrouig was en die ander weer waar vertroue die botoon gevoer het. Vertroue is in assosiasie met liefde gebring en wantroue met vrees. Die program waar die drif wantrouig was, het redelik gou wanordelik geneig en later ingeplof tot 'n omgewing van statiese eendersheid. Die program waar daar 'n gemeenskaplike drif van vertroue was, het tot kompleksiteite ontplooi – by implikasie 'n dinamiese ontwikkeling van variasie en verskeidenheid.

Daar word veel meer as die ooglopende in hierdie navorsing uitgewys. Dieselfde kan ook gesê word van die skrifgedeeltes in Matteus waar die metafoor van vrugte gebruik word om die drifte van die mens op te helder. *Matt. 7: 16-18 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. Ook in Matt. 12: 33-35 As julle sê 'n boom is goed, moet julle ook sê sy vrugte is goed; en as julle sê hy is sleg, moet julle ook sê sy vrugte is sleg. 'n Boom word tog aan sy vrugte geken. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.*

Gesonde vrugtebome dra goeie vrugte en net so weer mense wat reg lewe maak weer die skepping beter. As die navorsing bestip word, sal goeie vrugte soos positiewe gesindheid en verhoudinge by die mens altyd 'n goeie bedding bied vir die ontwikkeling van variasie en verskeidenheid. Slegte vrugte, soos dit wat spruit uit vrees en wantroue sal altyd lei na wanorde en statiese eendersheid. En die algemene beginsel, soos uitgelig in dié Skrifgedeelte, is dat die mens in alle gevalle sy vrug sal toon uit die oorvloed van sy binnekant.

Dit is algemeen sigbaar en besmoontlik algemeen bekend dat dit so werk by die mens. Die uitdaging is hoe om te maak dat mense kies om goeie vrugte te dra? Dit gaan ook nie veel nadenke vereis om te sien dat wantroue altyd slegte vrugte lewer, terwyl onderlinge vertroue weer goeie vrugte tot gevolg het nie. Ons kan dit sien in gesinne en by groter groepe soos gemeentes en gemeenskappe. Daar is egter veel meer onder die bome van vertroue en wantroue as wat bokant die grond wys.

Ons is God se verteenwoordigers hier op die aarde – ons kan amper sê God se tuiniers in sy Tuin van Eden. Wat die sosiologiese navorsing ook uitwys, is dat ordelikheid wat in mense-milieu gelykgestel kan word aan liefde, altyd variasie en verskeidenheid onderskryf én geniet. Die teenoorgestelde is net so waar: Waar wanorde, wat weer gelykgestel kan word aan vrees, seëvier, neig alles na 'n eenvormigheid wat nie kan standhou nie.

Liefde verdra nie net variasie en verskeidenheid nie, maar floreer as't ware daarin. Huwelike waar die man die vrou wil maak soos hy, of die vrou weer haar man wil maak soos sy, of die ouers die kinders wil maak soos hulle is, word baie gou wanorde oftewel onmin geskep. Dieselfde beginsel

werk ook in gemeentes en gemeenskappe en volke e.d.m. Die voorkoms van variasie en verskeidenheid is 'n teken van goeie vrugte wat produseer word – van 'n mensegroep waar liefde uit oorvloed in die hart na buite oorspoel. Hierdie drifte word net so goed beskryf as die vrug van die Gees (orde) en die vrug (praktyk) van die sondige natuur (hart) soos in Galasiërs hoofstuk 5: 19-26 voorkom.

Maar dit alles is sekerlik aan almal goed bekend. Miskien is ons bietjie minder geoefen in die praktyk daarvan. Wat ons wel sien, is die drifte van die wêreld soos bv. BLM-beweging en die neiging om taalgebruik non-spesifiek oor alles wettig te verplig deur byvoorbeeld nie persoonlike voornaamwoorde toe te laat nie en wat alles eenders wil maak. Selfs die land se politiek wil alles afbring tot die gemiddelde vlak waar almal in alles 100% eenders en dus gelyk is. Wat dan seëvier is mos die praktyke van die verkeerde: *Onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge*. Al hierdie aspekte kort respek vir medemense in die volle unieke persoonlike verskeidenheid van een en elk. Al hierdie aspekte skep wantroue. Al hierdie aspekte is vanuit 'n ander psigologiese hoek ook 'n onderliggende vrug of reaksie teen algemene eendersheid en wel so vanuit 'n verlies aan uniekheid

Hoeveel drifte in die wêreld sien ons wat verskeidenheid omarm? Die fondasie hiervan sal onder meer raak gesien kan word in die sogenaamde *vrug van die Gees soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing*. Al hierdie vrugte skep weer onderlinge vertroue en dit in die omgewing van variasie en verskeidenheid. Dit mag maklik klink, maar dis veel makliker op die breë weg van die slegte vrugte. Vra maar enige tuinier of boer hoeveel daar ingesit moet word om 'n goeie oes te lewer. Daarteenoor groei onkruid sonder enige moeite en inset heel skaflik – ironies genoeg in groot variasie en verskeidenheid.

Die oplossing is om lig te wees sodat die donker kan wyk, deur sout te wees en so die lewe smaaklik te maak. Hierdie lig en sout is die werking van die Gees in ons lewens. Ons het ook 'n Boer en Vrugteboom waarvan ons 'n loot is, nodig en die verwysing kry ons in Johannes hoofstuk 15 – enige dag een van die beste preke in die Bybel: *Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*

'n Boom word aan sy vrugte geken, jy ook. God se skepping bied 'n vrugteboord van groot en toenemende verskeidenheid. Ons behoort die verskeidenheid te geniet en mekaar te respekteer. Elke persoon en groep het sy sterk- en swakpunte sodat almal mekaar kan aanvul en voluit kan lewe. Die een hand was die ander en elkeen het ander nodig. Wat die tuin van God laat floreer, is onderlinge respek vir die groot verskeidenheid van een en elk. Hierdie hele kaboedel kan saamgevoeg word in die begrip "'n vervulde lewe in samewerking met jou Skepper". Die goeie vergelyking wat die Bybel (Romeine & Korintiërs 12) aanbied is dat ons Christus se liggaam op aarde is – 'n liggaam wat as 'n kompleksiteit uit vele verskillende dele en aksies en onderlinge samewerking bestaan - elk met sy eie unieke bydrae

Julle is geseën om God se tuiniers te wees en baie vrugte te dra, julle is geseën met oorgenoeg persoonlike vrug om baie daarvan weg te gee en ook van ander se vrug te geniet. Julle is geseën om die verskeidenheid van God se skepping te respekteer.

Amen